Sake24, 21 May 2009

PSV groet Britse aanbod

Marc Hasenfuss

Die ingenieursgroep PSV Holdings het ’n gedeeltelike uitkoop-aanbod van die Britse groep Iandra Industries laat vaar.

Die ooreenkoms, wat in Maart aangebied is, sou PSV se aandeelhouers (insluitend uitvoerende direkteure) wat 65% van die groep besit, die geleentheid gebied het om 60% van hul aandeelhouding aan Iandra te verkoop in ’n transaksie ten bedrae van sowat R100 miljoen.

PSV het egter Donderdag aangekondig die aanbod het verstryk nadat Iandra – ten spyte van twee uitstellings – nie die gevraagde kontant in ’n beheerde buitelandse geldrekening oorgeplaas het nie.

Dit was ’n voorwaarde vir die uitkoop-aanbod.

Tot op datum is die beweegrede agter die Iandra-aanbod nog nie openbaar gemaak nie. Die vermoede bestaan dat die sentrale figuur ’n Zimbabwiese sakeman is.

Die verwikkelinge is ietwat van ’n terugslag vir PSV omdat die groep aan die hand van Iandra se deelname aandele vir kontant sou kon uitreik.

Dit sou genoeg kontant ingebring het sodat die groep skuld sou kon delg.

Mnr. Albie da Silva, PSV se uitvoerende hoof, sê ander finansiering sal ondersoek word.